# DIE BEOEFENING VAN HUISBEDRYWE DEUR DIE BANTOE VAN BETSJOEANALAND-PROTEKTORAAT EN DIE MOONTLIKE BEHOUD DAARVAN.

## A. INLEIDING:

In die tradisionele leefwyse van die Bantoe het die huisbedrywe 'n baie belangrike rol gespeel. Dit het nie alleen in meeste van sy huishoudelike en persoonlike behoeftes voorsien nie, maar was inderdaad ook 'n uiting van sy kunsaanvoeling. Voor die kontak met die Westerse beskawing was die Bantoe selfgenoegsaam en het hy in sy materiële behoeftes self voorsien. Potte, matte, eetgereedskap ens., is dus deur lede van die huisgesin self vervaardig.

## B. SOORTE BEDRYWE:

Die vernaamste bedrywe wat tot 'n redelike groot mate vandag nog beoefen

word, kan in die volgende klasse verdeel word, naamlik: (i) vesel-, gras-, blaar- en rietwerk; (ii) been- en horingwerk; (iii) kralewerk; (iv) kleiwerk en pottebakkery; (v) houtwerk; (vi) leerwerk; en (vii) diverse huisbedrywe. Hierdie bedrywe word elkeen kortliks bespreek ten einde hulle ekonomiese betekenis te bepaal.

(i) **Vesel-, gras-, blaar- en rietwerk.**

Onder hierdie afdeling word daar vandag nog 'n groot verskeidenheid van artikels gemaak wat onder andere in matte, mandjies en diverse artikels verdeel kan word. Hierdie bedryf word in 'n mindere of meerdere mate nog in die hele Protektoraat onderneem. Die vernaamste grondstowwe by die vervaardiging is biesies, riete, boomwortels, grassoorte en klimopplante, wat meestal in elke omgewing aanwesig is. Dit is 'n algemene verskynsel dat die Bantoe hom hoegenaamd niks oor die voortbestaan en eksploitasie van die natuurlike hulpbronne bekommer nie. Vanuit 'n suiwer ekonomiese standpunt gesien het die mate van uitputting van hierdie hulpbronne tot dusver nog geen noemenswaardige gevolge gehad nie.

Die beoefening van hierdie bedryf is byna uitsluitlik in die hande van die Bantoevrou terwyl mans soms behulpsaam is met die maak van mandjies.

Wat die kwaliteit van die vervaardigde goedere betref, hang dit alles af van die standpunt wat die potensiële koper inneem. Ten spyte van die feit dat die goedere nie met fabrieksgoedere kan konkurreer nie en daar nog ruimte vir verbetering is, blyk die kurioversamelaar en verbruiker in die algemeen met die kwaliteit tevrede te wees. Wat die afset van hierdie artikels betref, verleen baie min handelaars enige steun aan die produsent. Gevolglik moet die Bantoeprodusent self 'n mark daarvoor vind. Behalwe die mate van onderlinge ruil vind artikels ook hulle weg na die toeristeverkeer op spoorwegstasies. Die jaarlikse verkope aan reisigers word deur informante op ongeveer £150 gestel. In enkele gevalle word artikels ook aan kuriositeitshandelaars in groot stede in die Unie, waar 'n klein maar bestendige vraag bestaan, verkoop. Dit is immers vanselfsprekend dat hierdie bemarkingskanale uiters onbevredigend is en dat alle moontlike uitbreidings van produksie daardeur aan bande gelê word. Daar bestaan wel 'n vraag na die produksie maar aangesien die blanke verbruiker en Bantoeprodusent meestal nie met mekaar in kontak kom nie, is die afset relatief gering.

(ii) **Been- en horingwerk.**

Bene en horings word vir die maak van baie artikels soos voëls, diere, papiermesse, servetringe, knope, ens. gebruik. Hierdie artikels word byna uitsluitlik vir direkte verkoop vervaardig. Die vernaamste afsetkanale in hierdie geval is die handelaar binne die reservaat (wat soms as agent vir 'n handelaar in 'n groot stad of dorp in die blanke gebied optree) en toeriste. In hierdie geval is die mark net so ongeorganiseerd as in die geval van die vlegwerk.

(iii) **Kralewerk.**

Hierdie bedryf word nog deur alle stamme in die Protektoraat beoefen. Kunstige armbande, nekbande, lyfbande, ens. word uit krale (wat by die handelaar gekoop word) of been, peule en

sade vervaardig. Die vernaamste hulpstowwe by die produksieproses is senings en dermsnaar. Hierdie produkte vind groot byval by die blankes weens die interessante kleurskemas en patrone en daarom ondervind die vervaardigers hiervan relatief minder probleme by die verkoop aan die verbruiker of die kurioversamelaar.

(iv) **Kleiwerk en pottebakkery.**

Erdewerk is 'n kuns onder die Bantoe maar dit skyn asof hierdie kuns met enkele uitsondering heeltemal uitgesterf het. Die vernaamste oorsaak vir hierdie toestand lê opgesluit in die feit dat porseleinware goedkoop is en die geskikte klei skaarser geword het. Die begrensing van reservate het ten gevolg gehad dat die klei-afsettings in blanke gebiede geval het, wat vir die Bantoe langer nie meer toeganklik is nie. 'n Ander rede vir die verdwyning van hierdie aktiwiteite is die gebrek aan brandstof in sommige reservate om die potte te brand. Nogtans word potte vir huishoudelike gebruik gemaak wat baie selde te koop aangebied word. By Palapye in die Bamangwatoreservaat word gebakte kleibeelde vandag te koop aangebied. Hierdie ornamente word deur die Bantoe vervaardig en kan beskou word as 'n belangrike oorblyfsel van die kommersiële pottebakkersbedryf. Wat die afsetkanale vir kleiwerk en pottebakkery betref, geld dieselfde opmerkings as by die vorige bedrywe.

(v) **Houtwerk.**

Vroeër het die Bantoe hoofsaaklik sleë, vleispotte, melkhouers, stampblokke, wandelstokke, modelle en beelde uit hout vervaardig, maar volgens navrae wat in elke distrik gedoen is, blyk dit dat hulle in toenemende mate boumateriaal soos deure en kosyne en speelgoed vervaardig. Wanneer in aanmerking geneem word dat die Bantoe uitsluitlik van die bos vir sy brandhout afhanklik is, en artikels soos houtskottels en stampblokke 'n hele boomstam verg, kan goed verstaan word dat geskikte hout nie maklik in sommige distrikte vir die maak van meubels gevind kan word nie.

Houtwerk is 'n bedryf wat veral deur die mans onderneem word, maar soms neem vroue ook deel aan houtsnywerk wat vakmanskap en geduld vereis. Die gehalte van hierdie afdeling van die werk is goed en die kuriohandelaar en verbruiker se vereistes word oor die algemeen bevredig.

Dieselfde opmerkings ten opsigte van die afset is hier van toepassing as in die geval van veselwerk en hier moet net bygevoeg word dat die konkurrensie van die fabrieksgoedere in hierdie afdeling baie sterk is (houtskottels word byvoorbeeld heeltemal deur metaalskottels verdring) en dat die omvang van die handel en die vervaardiging vir eie gebruik geweldig afneem. Met die beperkte vraag na houtsnywerk is dit twyfelagtig of dit winsgewend sou wees om hout van elders vir hierdie doel te verkry.

(vi) **Leerwerk.**

As gevolg van die aanbod van geskikte fabrieksvervaardigde klere wat in die handel teen billike pryse verkry kan word en die grootskaalse uitroeiing van wild het die leerwerkbedryf baie gekwyn. Nietemin word skildvelle, swepe, stroppe, rieme, beurse, melksakke en klere (byvoorbeeld hoede, broeke

en baadjies en rokke) karosse en skoene deur feitlik elke stam nog in 'n sekere mate vervaardig.

Artikels soos stroppe, rieme, skildvelle, ens. word uit velle en huide van klein- en grootvee vervaardig terwyl wildsvelle meestal by karosse, matte, handsakke en klere gebruik word. In die Protektoraat word die elandsboontjiewortel (Elephantorrhiza elephantina)[1] vir looi gebruik.

Hier kan net vermeld word dat daar maar baie min leergoedere in die kuriohandel kom en dat die gewildste artikel seker die karos is wat teen gemiddeld £6 aan die handelaar verkoop word. Die produkte is oor die algemeen goed afgewerk behalwe vir die onaangename geur wat daaraan kleef.

(vii) **Diverse huisbedrywe.**

Diverse huisbedrywe kan verdeel word in metaalwerk, ringe en draadwerk, klipwerk, brei en kleremakery en bierbrouery.

Om ystererts tot yster te reduseer is 'n kuns wat vandag feitlik heeltemal onder die Bantoe onbekend is. Metaalwerk word vandag nog tot 'n minimum verrig deur ou-yster, sinkplate, blikke, ens. te gebruik vir die maak van assegaaie, spiese, geute en emmers. Produkte soos been- en armringe word uit geelkoper-, koper- en ysterdraad, wat in die handel gekoop word, vervaardig. Asbakkies, blombakke, skottels, mens- en dierebeelde word uit sandsteen, leiklip en seepsteen vervaardig. Dit is hoofsaaklik 'n bedryf vir mans maar wat ook deur vrouens beoefen word.

Breiwerk en kleremakery, soos dit by die blanke bekend is, is deur die Bantoe oorgeneem. Die blanke metode van kleremakery word nog op 'n baie klein skaal deur die Bantoe onderneem. Op Palapye is 'n Bantoevrou byvoorbeeld aangetref wat wel die kuns ten volle magtig is en in diens van 'n blanke winkel klere vervaardig.

Dit is ook belangrik om na die vervaardiging van enkele artikels uit kalbasse te verwys. Hier word bedoel kalbasse wat as skeplepels, drinkborde en skepbekers gebruik word. Kalbaswerk is hoofsaaklik die werk van die vrou.

Voor die koms van die blankes kon die Bantoe sy oes na willekeur aanwend. Kafferkoring, byvoorbeeld, is vryelik in bier vir eie gebruik en vir verkoop omskep. Geld wat op hierdie wyse geïn is, is gebruik vir die aankoop van benodigdhede by die handelaar. As gevolg van die blanke indringing en veral die verspreiding van die Christelike godsdiens het baie vroue egter die bierbrouery gestaak.

Die Administrasie het egter nie ingemeng met die Bantoe se drinkgewoontes nie, maar die kapteins het onder die invloed van die Christendom variërende beperkings ingestel. So het Kgama in 1876 bierdrinkery en brouery algeheel onder die Ngwato verbied. So streng is hierdie maatreël toegepas dat oortreders soms uit die stam verban is. Vandag is die algemene boete een of meer beeste, na gelang die geval mag wees. Die huidige kaptein Bathoen II van die Ngwaketse daarenteen het die handel in bier verbied maar nie die gebruik daarvan nie. Alhoewel bogenoemde twee stamme sekere beperking op die vervaardiging, verkoop en drink van bier geplaas het en nog steeds toepas,

het dergelike maatreëls onder die Tswana en die Kgatla misluk, sodat dit uiteindelik opgehef is. Bierbrouery onder die Tswana word deur Schapera soos volg beskryf: „today there is no local restriction upon the use of beer"; en in die Kgatlareservaat „. . . there is now no restriction at all upon the manufacture, sale, and drinking of beer."[2])

Die Kwena, Malete en Tlôkwa het blykbaar nog nooit enige beperkings gehef op die drink van bier nie terwyl die Rolong deur Kaptein Montshiwa in die 19de eeu verbied is om bier Sondae te drink. Of laasgenoemde reëling nog geld, kan nie met sekerheid gesê word nie.

Alhoewel daar in sekere reservate beperkende maatreëls en soms algehele verbod[3]) op die drink en verkoop van bier bestaan, het die grootste persentasie van die Bantoebevolking in Betsjoeanaland tog die reg om bier vryelik te brou.

Dit is baie duidelik dat die nywerheidsprodukte van die Bantoe dié is van 'n primitiewe selfgenoegsame gemeenskap. Die nywerheidsprodukte wat vervaardig word, is baie primitief, aangesien dit alles met die hand gemaak word. Van tegniese verdeling van arbeid is hier geen sprake nie en al die produksieprosesse word merendeel deur een persoon voltooi. Arbeidsverdeling berus eerder op tradisionele gronde van seks- en leeftydsverskille. Die tegniek en produksiehulpmiddele is eenvoudig en meestal word van tuisgemaakte hulpmiddele gebruik gemaak. Omdat die handelaar se winkel baie aanloklike handelsware bied, wat in skerp mededinging met die inheemse en tuisvervaardigde goedere staan, het byvoorbeeld houtsneewerk, metaalwerk en leerwerk al byna uitgesterf; snywerk uit horing en been, kleiwerk en pottebakkery het verminder aangesien ysterpotte, petroldromme, emalje- en sinkborde en bekers, sinkemmers en kanne, skoffels, byle, messe, grawe, leergoedere, wol- en katoenkomberse en klere doelmatiger is as die ou tradisionele gebruiksgoedere. Veral die bemiddelde Bantoe maak meer van blanke goedere gebruik.

## C. DIE BEHOUD EN AANMOEDIGING VAN HUISBEDRYWE:

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat alhoewel die huisbedryf nog steeds deur die Bantoe beoefen word, daar bewyse is vir 'n redelike vinnige agteruitgang en in sommige gevalle selfs van 'n algehele verdwyning. Die inheemse kultuur van die Bantoe maak plek vir dié van die blankes sodat die Bantoe vandag al hoe meer van „blanke goedere" afhanklik is.

In verband met hierdie veranderde lewensomstandighede merk Schapera dan ook tereg op dat: „The growth of all these new wants has led to diverse standards of living in the Reserves. Poor people on the whole still occupy the same kind of hut as before, eat the same foods, and keep the same domestic animals. But almost all the inhabitants of the towns and larger villages now wear clothing of European pattern and material, especially the women, who insist on having blankets and dresses. In addition, even the poorest household tries to provide itself with a plough, axe, knives and other hardware uten-

sils, salt, soap, matches, candles, paraffin and various patent medicines . . . . All these may be regarded as universal wants. Many people seek to acquire more and better clothes and implements, as well as sugar, tea, bread, rifles and ammunition, crockery of some kind, bedsteads, tables and chairs, bicycles and sewing machines . . . ."[4])

Die skepping van 'n geldekonomie het dit vir die Bantoe maklik gemaak om hierdie artikels te bekom, terwyl die tradisionele opleidingsmetodes, waar die kennis van vader na seun en moeder na dogter oorgedra word, in 'n groot mate hierdeur nadelig beïnvloed is. Wanneer in aanmerking geneem word dat kinders reeds op 'n vroeë stadium verantwoordelik is vir die vee by die veeposte en verder dat wanneer die Bantoeseuns groot genoeg is om as migrasiewerkers te kwalifiseer, deur die myne in die Unie gelok word, bestaan daar weinig geleentheid vir die oorlewering van kennis van bedrywe. Ook het die tekort aan grondstowwe in verskeie gevalle 'n stremmende invloed op die uitbouing van hierdie Bantoebedrywe In die geval van voldoende aanvoer van grondstowwe, bly die betrokke bedrywe voortleef.

Die behoud en voortbestaan van die huisbedrywe is belangrik vir die behoud van 'n eie identiteit en kultuur. In hierdie verband verklaar H. J. J. Reynders: „'n Positiewe ontwikkelingsprogram kan baie bydra tot die skepping van 'n trots in wat die eie is en sal ook 'n volksbewustheid help bewaar. Daarby kan dit bydra tot 'n gesonder sosiale lewe: deur die Bantoe te leer om iets nuttig en opbouend te vervaardig, bekom hy 'n ontspanningsmiddel, iets om sy vrye tyd mee te vul en word hy meer selfstandig."[5]) Verder kan aangevoer word dat ten spyte van die feit dat die produkte van die huisbedryf nie met die fabrieksproduk kan meeding nie, 'n positiewe program vir die behoud daarvan wel ekonomiese waarde kan hê en 'n bydrae tot die gesins- en volksinkome kan maak.

## D. DIE BEVORDERING VAN DIE HUISBEDRYF:

Die vernaamste beperkings op die bestaande bedrywe moet in die eerste instansie toegeskryf word aan die wisselvallige mark van die handelaars (wat die produkte by die produsente koop of ruil vir kleinhandelsware en dit weer aan ander instansies verkoop), wat die omvang van hulle aankope beperk volgens hulle ervaring van die verkoop aan toeriste of navrae wat hulle van tyd tot tyd van kurioversamelaars kry. As gevolg van hierdie wisselvallige toestand is die waarde wat gewoonlik aangebied word betreklik gering. In die tweede instansie bestaan daar binne die bedryf 'n groot gebrek aan organisasie, produksietegniek en opleiding. Die Bantoe maak vandag meer gebruik van fabrieksvervaardigde hulpmiddele wat die intrinsieke waarde van sy produkte skade berokken. Derhalwe moet die gebruik van inheemse grondstowwe en die tipiese aard van die Bantoewerk, wat in baie artikels die vernaamste aantreklikhede is, gehandhaaf word.

Ten einde die vervalle huisbedryfstelsel weer tot sy reg te laat kom, kan dit op 'n koöperatiewe grondslag georganiseer word. Die vernaamste funksies

van die koöperatiewe verenigings (met een sentrale bestuur) moet dan wees om:

(i) grond- en hulpstowwe en gereedskap gesamentlik aan te koop — grootskaalse aankope lei tot goedkoper produkte;

(ii) die beste produksietegniek te ontwikkel;

(iii) opsigters aan te stel wat die werksplekke (byvoorbeeld by sendingstasies) besoek om toe te sien dat die grondstowwe wat gebruik word van standaard kwaliteit is en dat werk gelewer word wat in ontwerp en afwerking tipies Bantoewerk is — dit is die enigste grondslag waarop die ontwikkeling van 'n mark vir Bantoe-artikels onderneem kan word;

(iv) voltooide goedgekeurde artikels met 'n geregistreerde merk te stempel as 'n waarborg dat dit egte Bantoewerk is; en

(v) die afset van die produkte van die verenigings te organiseer. Die bestuur van die verenigings is beter op hoogte van marktoestande en opberging as indiwidue en deur gesamentlike optrede kan 'n gunstiger afset verkry word. Bowendien kan die vereniging mettertyd vertoonlokale in die vernaamste sentra inrig vir die advertensie van egte Bantoewerk wat, trouens, van baie groot waarde sal wees.

Die Ekonomiese Naturellekommissie van 1930-1932 skryf in sy verslag oor Bantoehuisvlyt in die Unie soos volg: „Daar sal egter moontlikhede bestaan vir verkoop buitekant die Reserwes van eiegemaakte artikels, wat die eienaardighede besit van Naturelle-karaktertrekke en -kunsgehalte; en ons wens aan die hand te gee dat vir daardie doel pogings gedoen word om huisnywerheid onder Naturelle te stig."[6])

By die vasstelling van 'n ontwikkelingsprogram vir die bevordering van huisbedrywe moet gelet word op sulke faktore soos: (i) beskikbare grond- en hulpstowwe; (ii) die vraag na die produkte; (iii) die mate van konkurrensie met fabrieksprodukte, en (iv) in hoeverre die kenmerkende eienskappe van die Bantoewerk behou word. Op grond van waarneming en navrae blyk nietemin dat huisbedrywe soos (a) kleiwerk, (b) vesel-, gras-, blaar en rietwerk, (c) houtsneewerk, en (d) leerwerk aanmoediging regverdig.

D. P. ERASMUS.

P.U. vir C.H.O.

---

1) Burt Davy beskryf die elandsboontjie soos volg: „The thick red underground rootstack is used by farmers for tanning and dyeing that imparts a colour undesirable for commercial. Analysis show about 31.6 per cent. tannen in air-dry material as compared with 35 to 38 per cent. in wattle bark. The low tannen content, relatively low yield per acre, and cost of production, are factors which compare unfavourably with wattle bark, and elandsboontjie appears to offer no superior advantages." — **Flowering Plants and Ferns of the Transvaal**, Deel II, Longmans Green Co., 1932, p. 332.

2. Schapera, I.: **A Handbook of Tswana Law and Custom** (gepubliseer vir die International Institute of African Languages and Culture) Oxford University Press, 1938. p.202.

3. Volgens getuienisse ingewin blyk dat bier ten spyte van die verbod nogtans in 'n mindere mate in die Ngwato-reservaat gebrou word.

4. I. Schapera: **Migrant Labour and Tribal Life,** Oxford University Press, 1947, pp. 125-126.
5. H. J. J. Reynders: **Nywerheidsontwikkeling in die Bantoegebiede van Suid-Afrika,** D.Comm.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955, p. 287.
6. **Verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie,** 1930-1932, Staatsdrukker, Pretoria, 1932. p.30.